

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Basson v S (A413/2006) [2010]**ZAWCHC 334 (25 May 2010)****[2010] ZAWCHC 334**

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

N C Erasmus, Samela

CASE / FILE NUMBER

A413/2006

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: A413/2006

DATUM: 25 MEI 2010

In die saak tussen:

ANTON BASSONAppellant

en

DIE STAATRespondent

UITSPRAAK N C ERASMUS, R: Ek gaan die uitspraak in Afrikaans gee omdat die verrigtinge in Afrikaans was en die appellant klaarblyklik Afrikaanssprekend is. Die feite in hierdie appel is van so 'n aard dat dit my, as regsprekende beampte, wat soms strafsake verhoor en in appelle sit waar vingerafdrukgetuienis aangebied is, tot diep kommer strek. Dit blyk uit hierdie feite dat dit nie net die appellant wat beskuldig was daarvan dat hy getuienis gefabriseer het wat die moontlikheid gehad het om onskuldige persone tot so 'n mate in kriminele oortredings te impliseer dat dit feitlik onafwendbaar was dat hulle sou skuldig bevind word in V> hof nie. Die gevolg van sulke optrede laat my hare rys. Dit is ook deur die Staatsadvokaat aan ons nou meegedeel dat daar verskeie polisiebeamptes van die vingerafdrukeenheid, om die leke-beskrywing daarvan te gebruik, uitgelig was as potensiele bedrieërs in hierdie verband en steeds voor die hof verskyn en in sommige gevalle is appelle hangend. Dit net ter inleiding. Die appellant in hierdie aangeleentheid was Vi lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en werksaam by die sogenaamde vingerafdrukeenheid te Bellville. Daar was vasgestel deur die provinsiale eenheid van die polisie dat daar na bewering onreëlmatighede plaasgevind het by die vingerafdrukseksie van die Suid-Afrikaanse Polisie, by verskeie kantore in die provinsie. Daar is

Yi ondersoek geloods waarop vergelykings gedoen was en alle leers, blyk dit, waar persone positief geïdentifiseer was, oor 'n tydperk is getrek. Verskeie sake was verdag en daardie beamptes was geskors en verdere ondersoek is gedoen. Die appellant was een van hulle, en in sy geval was daar ten minste ses leers uitgelig wat die onderwerp van hierdie aanklagte teen horn was. Daar is baie gewag gemaak in hierdie appel van of appellant Vi motief sou he. Na my mening word die motief gevind in die getuienis van sy eie seniors en veral die getuienis van Dreyer wat dit duidelik aan die hof gestel het dat daar doelwitte aan die lede gestel was en dat die positiewe identifisering van sake Vi rol sou speel by hulle bevordering. Dit, na my mening, as h doelwit, is Vi baie gevaarlike doetwit om te stel vir wetstoepassers en aanvullende dienste daartoe. Dit is die teelaarde van moontlike korrupsie en bedrog. Om terug te keer na die feite in hierdie saak. In elk van die gevalle was die aanvanklike lig van vingerafdrukke en die plasing in die gepaste leers die onderwerp wat hanteer was deur die appellant. Die staat het verskeie getuies geroep wat die moontlikheid van die vervalsing uitsluit om ten minste tot so Vi mate beperk wanneer dit buite die hande van die appellant sou kom. Dit was gegooi oor die boeg van die 24 uur inspeksie periode. Feitlik geen van hierdie getuienis is aangeval nie, behalwe dat die appellant aangevoer het dat een van sy kollegas wat ook die onderwerp was van 'n ondersoek en aangekla is en klaarblyklik skuldig bevind is (daar is 'n appel hangend deur die staat teen sy vonnis) dat hy 'n onderonste met die appellant gehad het drie jaar voor dit en die appellant dit aan die groot klok gehang het. Mnr Turner, appellant se kollega, is volgens horn Yi bedrteer en daarom het mnr Turner ook valstik op sy leers vir horn probeer impliseer. Die appellant het self getuig, hy het getuies geroep. Die landdros het in detail elke aspek van sy getuienis evalueer en deurgegaan in haar uitspraak en tot die gevolgtrekking gekom dat sy dit verwerp. Ek stem daarmee saam. Nie net as gevolg van die regsbeginsets wat ek moet toepas om nie maklik in te meng met Vi geloofwaardigheidsbevinding van Vi verhoorhof nie, maar omdat ek self die rekord gelees het. Om die minste daarvan te se, dit het my herinner aan hierdie Amerikaanse bokkers wat hy uitkom vol bravade, maar net in die lug slaan en wanneer sy opponent doelgerig, soos die aanklaer in hierdie geval, op horn af kom, dan sien jy dat dit was maar net vermaak. Die appellant, na my mening, was Vi swak getuie en die landdros was korrek om die getuienis te verwerp. En dan gaan kyk ons na of die landdros die korrekte bevinding gemaak het, of dit die enigste redelike afleiding onder die omstandighede is dat die appellant die vervalsers was. Dit is, soos reeds aangetoon, gemene saak wat die proses was en daar was nie ander moontlikhede nie. Dit laat net een afleiding, dat die landdros korrek was om te bevind dat appellant aandadig was aan die vervalsings in al ses die gevalle. Om daardie rede sal ek die skuldigbevinding bekrachtig. Om te keer na die vonnis. Appellant is 'n vonnis opgelos waar die aanklagte saamgeneem is en ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet gevonniss. In effek sou hy ses maande gevangenisstraf uitdien. Ek verstout my om te se die vonnis grens aan onvanpas aan die ligte kant. Daar was oorweging daaraan geskenk om die appellant te versoek om redes aan te voer hoekom die vonnis nie verhoog moet word nie. In die lig van die feit dat appellant reeds Vi geruime tyd terug gevonniss is, te wete amper ses jaar, in September 2004, en al hierdie tyd verloop het, was ek in my gemoed oortuig dat dit nie die korrekte besluit sou wees om te vra om die vonnis te verhoog nie. Sou die appel vroeër aangehoor word, sou ek inderdaad so 'n versoek aan die appellant gerig het oor hoekom die vonnis nie verhoog moet word nie.

UITSPRAAK

N C ERASMUS, R:

Ek gaan die uitspraak in Afrikaans gee omdat die verrigtinge in Afrikaans was en die appellant klaarblyklik Afrikaanssprekend is. Die feite in hierdie appel is van so 'n aard dat dit my, as regsprekende beampte, wat soms strafsake verhoor en in appelle sit waar vingerafdrukgetuienis aangebied is, tot diep kommer strek. Dit blyk uit hierdie feite dat dit nie net die appellant wat beskuldig was daarvan dat hy getuienis gefabriseer het wat die moontlikheid gehad het om onskuldige persone tot so 'n mate in kriminele oortredings te impliseer dat dit feitlik onafwendbaar was dat hulle sou skuldig bevind word in V> hof nie.

Die gevolge van sulke optrede laat my hare rys. Dit is ook deur die Staatsadvokaat aan ons nou meegedeel dat daar verskeie polisiebeamptes van die vingerafdrukeenheid, om die leke-beskrywing daarvan te gebruik, uitgelig was as potensiele bedrieers in hierdie verband en steeds voor die hof verskyn en in sommige gevalle is appelle hangend. Dit net ter inleiding.

Die appellant in hierdie aangeleentheid was Vi lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en werksaam by die sogenaamde vingerafdrukeenheid te Bellville. Daar was vasgestel deur die provinsiale eenheid van die polisie dat daar na bewering onreelmatigheid plaasgevind het by die vingerafdrukseksie van die Suid-Afrikaanse Polisie, by verskeie kantore in die provinsie. Daar is Yi ondersoek geloods waarop vergelykings gedoen was en alle leers, blyk dit, waar persone positief geïdentifiseer was, oor 'n tydperk is getrek. Verskeie sake was verdag en daardie beamptes was geskors en verdere ondersoeke is gedoen. Die appellant was een van hulle, en in sy geval was daar ten minste ses leers uitgelig wat die onderwerp van hierdie aanklagte teen horn was.

Daar is baie gewag gemaak in hierdie appel van of appellant Vi motief sou he. Na my mening word die motief gevind in die getuienis van sy eie seniors en veral die getuienis van Dreyer wat dit duidelik aan die hof gestel het dat daar doelwitte aan die lede gestel was en dat die positiewe identifisering van sake Vi rol sou speel by hulle bevordering. Dit, na my mening, as h doelwit, is Vi baie gevaarlike doetwit om te stel vir wetstoepassers en aanvullende dienste daartoe. Dit is die teelaarde van moontlike korrupsie en bedrog.

Om terug te keer na die feite in hierdie saak. In elk van die gevalle was die aanvanklike lig van vingerafdrukke en die plasing in die gepaste leers die onderwerp wat hanteer was deur die appellant. Die staat het verskeie getuies geroep wat die moontlikheid van die vervalsing uitsluit om ten minste tot so 'n mate beperk wanneer dit buite die hande van die appellant sou kom. Dit was gegooi oor die boeg van die 24 uur inspeksie periode. Feitlik geen van hierdie getuienis is aangeval nie, behalwe dat die appellant aangevoer het dat een van sy kollegas wat ook die onderwerp was van 'n ondersoek en aangekla is en klaarblyklik skuldig bevind is (daar is 'n appel hangend deur die staat teen sy vonnis) dat hy 'n onderonste met die appellant gehad het drie jaar voor dit en die appellant dit aan die groot klok gehang het. Mnr Turner, appellant se kollega, is volgens horn Yi bedrteer en daarom het mnr Turner ook valstik op sy leers vir horn probeer impliseer.

Die appellant het self getuig, hy het getuies geroep. Die landdros het in detail elke aspek van sy getuienis evalueer en deurgegaan in haar uitspraak en tot die gevolgtrekking gekom dat sy dit verwerp. Ek stem daarmee saam. Nie net as gevolg van die regsbeginsets wat ek moet toepas om nie maklik in te meng met Vi geloofwaardigheidsbevinding van Vi verhoorhof nie, maar omdat ek self die rekord gelees het. Om die minste daarvan te se, dit het my herinner aan hierdie Amerikaanse bokkers wat hy uitkom vol bravade, maar net in die lug slaan en wanneer sy opponent doelgerig, soos die aanklaer in hierdie geval, op horn af kom, dan sien jy dat dit was maar net vermaak. Die appellant, na my mening, was Vi swak getuie en die landdros was korrek om die getuienis te verwerp.

En dan gaan kyk ons na of die landdros die korrekte bevinding gemaak het, of dit die enigste redelike afleiding onder die omstandighede is dat die appellant die vervalser was. Dit is, soos reeds aangetoon, gemene saak wat die proses was en daar was nie ander moontlikhede nie. Dit laat net een afleiding, dat die landdros korrek was om te bevind dat appellant aandadig was aan die vervalsings in al ses die gevalle. Om daardie rede sal ek die skuldigbevinding bekragtig.

Om te keer na die vonnis. Appellant is 'n vonnis opgelS waar die aanklagte saamgeneem is en ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet gevonniss. In effek sou hy ses maande gevangenisstraf uitdien. Ek verstout my om te se die vonnis grens aan onvanpas aan die ligte kant. Daar was oorweging daaraan geskenk om die appellant te versoek om redes aan te voer hoekom die vonnis nie verhoog moet word nie. In die lig van die feit dat appellant reeds Vi geruime tyd terug gevonniss is, te wete amper ses jaar, in September 2004, en al hierdie tyd verloop het, was ek in my gemoed oortuig dat dit nie die korrekte besluit sou wees om te vra om die vonnis te verhoog nie. Sou die appel vroeSr aangehoor word, sou ek inderdaad so 'n versoek aan die appellant gerig het oor hoekom die vonnis nie verhoog moet word nie.

Dit gese, is dit baie duidelik dat, na my mening, daar geen ruimte bestaan om in te meng met die opgelegde vonnis nie. DAAROM SAL EK DIE APPEL VAN DIE HAND WYS, DIE SKULDIGBEVINDING EN DIE VONNIS BEKRAGTIG. SAMELA, WnR: Ek stem saam. SAMELA, WnR ERASMUS. R: Dit word so gelas, die appel word van die hand gewys en skuldigbevinding en vonnis word bekragtig. N C ERASMUS, R

Dit gese, is dit baie duidelik dat, na my mening, daar geen ruimte bestaan om in te meng met die opgelegde vonnis nie. DAAROM SAL EK DIE APPEL VAN DIE HAND WYS, DIE SKULDIGBEVINDING EN DIE VONNIS BEKRAGTIG.

SAMELA, WnR: Ek stem saam.

SAMELA, WnR

ERASMUS. R: Dit word so gelas, die appel word van die hand gewys en skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.

N C ERASMUS, R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2010/334.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/basson-v-s-unknown-topic-awchc-2010>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria